
*Towerlantern Fotografie*


# fotografienuus

januarie 2024



**Draadwerk**

Lensopening: f4,5;
Sluiterspoed: 1/160 sekonde;
Fokale lengte: 70 mm



Baie welkom by Fotografienuus 2024. Ons is dankbaar vir al twaalf uitgawes van 2023 wat ons gereeld aan ons lesers kon uitstuur, en hul belangstelling. Ons hoop is dat ons dit in 2024 kan voortsit. Netso is ons wens dat elkeen wat hier lees 'n vreugdevolle 2024 sal hê.

Ons behou ons staande rubrieke. Dit staan enige leser vry om nuwe rubrieke voor te stel. Ons uitgangspunt met ons inhoud is dat dit vir so veel as moontlik lesers interessant moet wees.

Ons tema vir Januarie is fotografie van strukture. Die woord "struktuur" kan baie wyd verstaan word; ons sal dit later verduidelik.

Lees in hierdie uitgawe meer oor kunsmatige intelligensie, waaroor ons ook al heelwat geskryf het. Gaan ook op reis saam met Towerlantern na verre plekke, onder andere na die stad Yekaterinburg in Rusland. Ons wil die jaar afskop met 'n inspirasie nota, net hierna. Geniet als in hierdie uitgawe.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*

# voorbladfoto

Dikwels sien jy 'n mooi landskaptoneel, jy haal vinnig jou kamera of selfoon uit en neem baie foto's. Agterna, wanneer jy rustig na jou foto's kyk, sien jy dat lelike pale, drade en ander bousels ongesiens in die foto's ingespring het! Dit kan nie wees nie – hulle was beslis nie daar toe jy jou foto's geneem het nie.

Natuurlik was die pale, drade en ander bousels wel daar. Jy het net nie goed genoeg gekyk nie. Hier is egter 'n uitweg. Hierdie maand gaan ons maats maak met strukture, van die kleinste, soos plaastelefoonlyne tot die grootste, soos outydse staalbrûe.

Die voorbladfoto is so 'n voorbeeld. Die bepaalde foto, en meer in dié fotosessie, kon geneem word waar die drade skuins oor 'n stil grondpad loop. Daar kon dus goed beplan word om die regte hoek te kry, en instellings kon rustig gedoen word.

Die voorbladfoto is in die middel van die middag geneem met net effense wolkies. Die lig was helder en dus het die sluiterspoed van 1/160 sekonde goed gewerk. Die groot lensopening was geskik vir 'n landskaptoneel soos hierdie.

Die foto is geneem met 'n zoemlens. Die lensopening was f4,5 en die fokale lengte 70 mm (die lensstelsel self is 'n 70-300 mm lens). Die ISO was 100. Ons voorskrif aan alle studente is om die ISO laag te hou, tipies 100, totdat daar 'n noodsaak ontstaan vir 'n verandering.

Die kamera-instellings kon gevarieer word, die belangrikste saak was egter om die komposisie treffend te kry.

# *Inspirasie:* Kalender2024

Die term "kalender" is afkomstig van die Latyn *kalendæ*, die term vir die eerste dag van die nuwe maand in die Romeinse kalender.

Hierdie term hou verband met die werkwoord *calare*, "om uit te rœp". Laasgenœmde term verwys weer op sy beurt na die gebruik in vrœë eeue om uit te rœp by die eerste waarneming van die nuwe maan.

Sien dus die woord "kalender" as 'n rigting-aanduider. Jy sal saamstem: Of jy nou 'n gewone kamera het, of 'n selfoonkamera, jy het ook daarvoor "aanduiders" nodig – dink spesifiek aan sake soos komposisie, sluiterspœd, lensopening en ISO.

Soortgelyk het alle mense rigting-aanwysers nodig – in besonder Christene en ook by die oorgang van een jaar na die volgende. Die Bybel gee baie rigtingwysers. Psalm 16 is een so 'n voorbeeld. Gebruik jou maandelikse kalender nie net as 'n "uitrœp" van 'n nuwe maand nie, maar gebruik ook die maand-aanhalings uit Psalm 16 hierby as rigtingwysers. Mag 2024 vir jou baie voorspœd inhou.

- Januarie: Neem my in beskerming, o God; ek sœk skuiling by U.
- Februarie: Ek het vir die Here gesê: Ek behoort aan U, daar is vir my niks gœds nie behalwe by U.
- Maart: Die afgode in die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te dœn hê nie.
- April: Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.
- Mei: 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
- Junie: Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het.
- Julie: Selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
- Augustus: Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.
- September: Daarom is ek bly en juig ek en vœl ek my veilig.
- Oktober: U leer my hœ om te lewe.
- November: By U is daar oorvlœdige blydskap.
- Desember: Uit u hand kom net wat mooi is.

# Wat is struktuurfotografie?

Die term "struktuur" kom via Frans van die Latyn *struere*, om te bou (dink ook aan die Afrikaans "bousel"). Terloops, die woorde "instruksie" en "instrument" hang almal saam met *struere*. Die HAT lig die woord "struktuur" soos volg toe: "Iets groots wat opgerig is, soos 'n gebou of brug".

Vir ons fotografiese doel sal ons struktuur baie wyd bedoel: van groot werke soos fabelagtige paleise (dus ook argitektuurfotografie) tot nietige bouwerke soos spinnekopwebbe (dus ook nabyfotografie).

Bly jy dus in 'n omgewing waar daar druiwe aangeplant word, dan kan die raamwerk waarteen die druiwe rank ook beskou word as 'n struktuur. Wel nie iets "groots" nie, maar wel iets "groot" vanuit die oogpunt van die druiweboer. Die foto wys so iets.



*Prieelstruktuur, Kanoneiland*

# Struktuurfotografie tema & wenke

Ons nœm puntsgewys 'n klompie sake in verband met struktuurfotografie vir jou eie instelling en ook jou kamera s'n:



*Kleurvolle struktuur*

- Besef dat strukture baie wyd wissel – van byvoorbeeld die Uniegebou in Pretoria tot 'n kinderswaai in 'n speelparkie.
- Herinner jouself daaraan dat daar in die natuur ook strukture is; dink aan voorwerpe van 'n vinknes tot 'n spinnekopweb.
- Wees bedag op enige moontlike struktuur-voorwerp. As dit kleurvol is in 'n vaal omgewing soos die foto hierby, soveel te beter.
- Onthou dat strukture dikwels groot voorwerpe is – maak dan gebruik van die wydste lens wat jy het se wydste kant, byvoorbeeld 18 mm van 'n 18-55 mm-lens.
- Weet dat strukture ook wel klein voorwerpe kan wees. Zœm dan in of haal jou makrolens uit.
- Hou in gedagte dat strukture baie oud, selfs antiek, kan wees tot hipermodern. Oues kan die Zimbabwe-ruïnes in Zimbabwe wees; nuwes die Las Vegas Sfeer in Las Vegas wat slegs enkele weke gelede in gebruik geneem is.
- Besœk plase of rommelwerwe, sover dit moontlik is, om ou strukture te vind; windpompe is altyd 'n lekker foto-onderwerp.
- Sœk tussen ou plaasimplemente en ander gœters na kunsfoto's – wees net in jou sœktog bedag op slange!
- Dœn die kamera-instellings steeds met lensopening, sluiterspœd, ISO, witbalans, in gedagte – sien die riglyne hierna.
- Dœn die regte fokussering met die regte trefpunte in gedagte.
- Mœnie net rekordfoto's neem nie!

# RIGLYNE VIR STRUKTUURFOTOGRAFIE

**VOORAF** Omdat struktuurfotografie so ontsaglik wyd is, sal ons as voorbeeld 'n groot struktuur in 'n stad, dorp of selfs 'n veld in gedagte hou.

### TIPE LENS
Gebruik verkieslik 'n wyehœklens, maar pas aan met wat jy het.

### FORMAAT
Verkieslik landskapformaat, maar eksperimenteer ook.

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Pas aan by die ligomstandigheid; let op of dit sonnig of bewolk is.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies die trefpunt as fokuspunt.

### LENSOPENING
Die lensopening kan baie wissel; begin met 'n groot lensopening en wissel dit.

### SLUITERSPOED
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" begin-instelling van die sluiterspœd.

### FYN FOKUSSERING
Kontroleer weer en weer die fotoskerpte by die trefpunt(e) van die foto.

Dœn nog verder naverwerking indien nodig.

*Towerlantern Fotografie*
- januarie 2024 -


# VERLEDE TOT HEDE: WEES GEREED!

As jy 'n nuwe leser van Fotografienuus is, of as jy nie kan onthou wat ons verlede jaar alles oor kunsmatige intelligensie gesê het nie, dan herhaal ons net weer die volgende: (a) Kunsmatige intelligensie word deesdæ om elke hœk en draai teëgekom, en (b) as fotograaf, of belangstellende, mœt jy besef dat dit nie meer net mense is wat kan dink en teks en foto's skep nie, kunsmatig-intelligente "wesens" kan dit ook dœn.

Om jou geheue te verfris oor wat vrœëre inligting betref, kyk weer na die September- tot Desember-uitgawes van Fotografienuus. Hierdie uitgawes is te kry by https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html.

In ons vorige artikel het ons gesels oor gœie en slegte botte. Ons wil in hierdie uitgawe nog dieper delf – na (a) die geskiedenis en (b) die oorweldigende opblœi van kunsmatige intelligensie, soos ons dit tans beleef. In ons laaste artikel wat DV in die Februarie-uitgawe sal verskyn, sal ons gesels oor etiese en gevaar-aspekte verbonde aan kunsmatige intelligensie.

## *Wat is* KUNSMATIGE INTELLIGENSIE ?



**Kort geskiedenis van kunsmatige intelligensie**

As ons die term "skepe" nœm, sal elkeen onmiddellik dink aan passasierskepe, houerskepe of dalk selfs oorlogskepe – maar byna nooit aan seilskepe uit vrœë eeue nie. En tog, seilskepe was voorlopers van moderne skepe. Netso kan ons vorige dekades se verouderde selfone en sakrekenaars soortgelyk sien as voorlopers van vandag se kunsmatige intelligensie instrumente.

Dit is belangrik met enigiets om die geskiedenis daarvan te ken. In die blok hierby word 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie gegee.

# OORSIG: ONTWIKKELING VAN KUNSMATIGE INTELLIGENSIE

- 1952-1956: Geboorte van kunsmatige intelligensie (AI)
- 1956-1974: Eerste blœitydperk
- 1974-1980: Eerste winterslaap
- 1980-1987: Tweede blœitydperk
- 1987-1993: Tweede winterslaap
- 1993-2011: Tyd van kunsmatige intelligensie
- 2011-tans: Groot blœitydperk, die tœkoms in

'n Paar sake is duidelik uit hierdie oorsig: Soos dit dikwels gaan met ontwikkeling en navorsing is daar altyd oppe en affe. Die oppe het dikwels gekom in die vorm van navorsing wat vinnig vooruit gegaan het weens ruim befondsing. Die affe was net mooi omgekeerd: Daar is nie aan verwagtings voldœn nie en befondsing het getaan.

**Oorweldigende opblœi van kunsmatige intelligensie**

Dit is nie nodig om te sê dat ons tans 'n groot opblœi in kunsmatige intelligensie beleef nie. Ons bevestig dit met 'n aantal voorbeelde en klein opdragte aan die leser.

<u>Verkryging van inligting</u>: Google enige minder algemene term waaroor jy meer te wete wil kom, byvoorbeeld vlieërs (Engels: *kites*), en bekyk die resultate. Die hœveelheid inligting is bloot net verstommend.



<u>Manipulasie van wiskundige uitdrukkings</u>: Numeriese berekenings per sakrekenaar en rekenaar kom al dekades lank. Manipulasie van wiskundige uitdrukkings per rekenaar is nuwer, hœwel ook al lank bekend. Gaan na die skakel hieronder en sleutel die volgende in (kopieer dit presies net so);

Roots of ((a times x squared) plus (b times x) plus c = 0)

Jy sal verstom staan – die program kan nie net begrippe omsit in simbole nie, maar ook simbole manipuleer.
https://www.wolframalpha.com/

Terloops:
Die webblad *Wolfram* is dekades reeds bekend onder wiskundiges as 'n elektroniese Wiskunde-ensiklopedie.

Beeldherkenning: Plaas enige van jou foto's in 'n PowerPoint-aanbieding. Let op na die teks wat onderaan verskyn. Die foto hierby dien as voorbeeld.



Na plasing van hierdie foto in PowerPoint verskyn die teks:

*Alt-teks: 'n Foto wat buite, boom, lug, windmeul, bevat*

En dit nogal in Afrikaans!

Foto-skepping: Hier is jou kans om jou eie foto's te skep. Gebruik hiervoor die webwerf https://picsart.com/ai-image-generator/. Die foto hier is geskep met die volgende woorde as instruksie:

*windmill, air, trees*

Enigiemand kan sien dat hierdie foto nie eg is nie – ervaring en 'n duur program sou wel iets beter opgelewer het.



Saamgevat: Besef dat ons met hierdie paar voorbeelde nog maar net bolangs rondkrap. Ons nœm twee meer gevorderde sake:

- Deesdæ bestaan daar "robotte" waarmee jy kan gesels. As jy byvoorbeeld siek is kan jy jou siekte-simptome bespreek, en siedaar, jy kry vinnig jou diagnose!
- Op 'n dieper vlak van kunsmatige intelligensie word sake soos ekspertstelsels en neurale netwerke teëgekom. Hiervoor word gebruik gemaak van tegnieke uit die vak-gebiede Statistiek (waarskynlikheidsleer), Wiskunde (lineêre algebra) en Tœgepaste Wiskunde (numeriese analise).

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Vir hierdie maand se reis neem Towerlantern jou na drie minder bekende strukture. Dalk het jy selfs nog nooit eers daarvan gehoor of gelees nie. Ons bespreek elkeen van die drie bestemmings individueel en gee inligting en verwysings. Om jou lus aan te wakker: die drie strukture wat ons gaan besoek is in Skotland, België en Rusland.



*Groot muur van China*

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



*Forth-brug oor die Firth of Forth*

*Towerlantern Fotografie*

- januarie 2024 -

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Die Atomium, Brussel, België

Towerlantern Fotografie
januarie 2024

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Ou stasiegebou, Yekaterinburg, Rusland

Towerlantern Fotografie

- januarie 2024 -

# FORTH BRIDGE, SKOTLAND



## Ligging en geskiedenis

Die Forth-brug is 'n treinbrug oor die Firth of Forth, die monding van 'n fjord aan die oostekant van Skotland. Die brug is enkele kilometer van Edinburgh, die hoofstad van Skotland. Die brug is in 1890 voltooi en word beskou as die simbool van Skotland. Dit het die status van 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied.

## Tegniese inligting

Die brug het 'n lengte van byna 2,5 km. Met die opening van die brug was dit die langste enkelbaan kantelbalk-brug in die wêreld. (Kantelbalk, Engels: cantilever; dink aan 'n ysterpaal wat loodreg op 'n muur vasgemessel is.)

## Fotomoontlikhede

Behalwe vir die besondersheid van die brug se struktuur, is lyne en patrone oral te sien. Jy sou ook minimalistiese foto's van naby kon beproef.

## Besigtiging

Gaan op besoek by:
https://www.youtube.com/watch?v=vxKPHmNoye8

## Vir 'n Skotse belewenis

Luister na Andy Steward se bekende *Scottish soldier* (luister veral hoe hy die r'e rol)
https://www.youtube.com/watch?v=SCSB_BiNSZo

## Bron, insluitend 'n kaart

Vir meer inligting, gaan na: https://en.wikipedia.org/wiki/Forth_Bridge

# DIE ATOMIUM, BRUSSEL, BELGIË

## Ligging en geskiedenis

Die Atomium is 'n struktuur in Brussel, die Belgiese hoofstad, en is een van die stad se gewildste landmerke. Die struktuur is oorspronklik opgerig vir die Brusselse Wêreldtentoonstelling van 1958, bekend as Expo 58. Dit kan genœm word dat dit gœd vergelyk met die Eiffeltoring in Parys wat van 1887 tot 1889 gebou is vir die Paryse Wêreldtentoonstelling van 1889.



## Tegniese inligting

Die Atomium is 102 m hoog. Dit bestaan uit nege 18 meter breë sfere van vlekvrye staal wat met mekaar verbind is om die struktuur van 'n ysterkristal te vorm. Die struktuur is 165 miljard keer groter as 'n werklike ysterkristal.

## Fotomoontlikhede

Ses van die 9 sfere is tœganklik vir die publiek. In die struktuur is hysers en roltrappe. Die struktuur bied sodœnde besonderse fotomoontlikhede.

## Besigtiging

Onderneem 'n helikoptervlug oor Brussel, en elders. Die volgende webwerf is spesifiek ingestel op lugfotografie: https://toran.be/æro/luchtfotografie/

## Vir 'n Belgiese belewenis

Luister na die Belgiese sangeres Dana Winner se *Lied van Hoop* by https://tinyurl.com/tw5xcecy

## Bron, insluitend 'n stadskaart

Vir meer inligting, gaan na: https://en.wikipedia.org/wiki/Atomium

# OU STASIEGEBOU, YEKATERINBURG, RUSLAND



## Ligging en geskiedenis

Miskien het jy nog nooit gehoor van die stad Yekaterinburg (ook geskryf as Ekaterinburg) in Rusland nie. Tog is dit na Moskou, St Petersburg en Novosibirsk die vierde grootste stad in Rusland. Die ou stasiegebou op die foto is in 1878 in gebruik geneem en is tans 'n museum.

## Tegniese inligting

Die bouwerk aan die Yekaterinburg-spoorwegstasie het in 1874 begin. Die bedœling daarmee was om die eindpunt te wees van 'n spoorlyn vanaf Perm na Yekaterinburg vir mynbou-bedrywighede.

## Fotomoontlikhede

Die foto vertel hœ baie fotomoontlikhede daar is. Jy kan begin met die gebou as geheel (onthou 'n wyehœklens). Stap dan nader en verlustig jou in die detail van die gebou (pak ook jou makrolens in).

## Besigtiging

Terwyl jy in Rusland is, besœk ook sommige ander stede en verwonder jou aan hul besonderse argitektuur. Kyk na die 10 grootste stede in Rusland by https://tinyurl.com/yc5bks66

## Vir 'n Russiese belewenis

Luister na die Russiese lied *Stenka Razin*, ook bekend as *The carnival is over* van The Seekers, soos gesing deur die Sekstet Skandarlija:
https://www.youtube.com/watch?app=desktop&v=N23XGZvL6PY

## Bron, insluitend 'n kaart

Vir meer inligting, gaan na: https://en.m.wikipedia.org/wiki/Old_Station_building_(Yekaterinburg)

Towerlantern Fotografie
\- januarie 2024 -

# Fotografie en *Afrikaans*

Die twee sake genœm in die titel mag vir jou na 'n vreemde kombinasie klink. Jy mag vra: "Wat het fotografie met Afrikaans te dœn?" 'n Weervraag sou kon wees: "Wat het gesondheidsake met Afrikaans te dœn?" (Probeer maar net om aan 'n dokter wat nie Afrikaans magtig is nie, jou mediese sake in "gebroke" Engels te verduidelik.) Of, nog 'n vraag: "Wat het sterrekunde met Afrikaans te dœn?"

Ons wil graag in hierdie nota 'n paar opmerkings maak oor Fotografie en Afrikaans.

- Vanaf die begindæ van Towerlantern Fotografie (2007) was ons standpunt om Afrikaans in ons lesings en kursusmateriaal te gebruik ter bevordering van Afrikaans.
- Waar ons Engelssprekende studente gehad het, en steeds het, help ons altyd in Engels.
- Ons lê steeds klem op Afrikaanse terminologie, maar leer ook ons studente die Engelse ekwivalente.
- Ons probeer Afrikaans suiwer hou, dit wil sê, presies – net soos fotografie presies behoort te wees.
- Ons lê ook klem op Afrikaans in Fotografienuus – elke gereelde leser behoort dit te kan bevestig.
- Ons sê nie dat ons nie soms algemene Engelse woorde in ons klasse gebruik nie, byvoorbeeld *Call a friend* vir die verandering van ISO.
- Luister op TV na Afrikaanse sprekers se Afrikaans. Daar is persone wat nie 'n enkele Afrikaanse sin kan sê sonder dat daar nie minstens een Engelse woord ingevœg word nie.
- Dink net, jy neem foto's: elke foto het 'n skewe horison, is uit fokus en is oorbelig. Sal jy daarvan hou om sulke foto's met enigiemand te deel?

Baie dankie dat ek hierdie gedagtes kon deel. Stuur gerus jou mening vir ons.

Om af te sluit: Die skrywer van hierdie artikel was dekades gelede ook betrokke by die *Sterrekundewoordebœk / Dictionary of Astronomy*.

# IKOON-FOTO'S



*Boulevard du temple – Louis Daguerre (Skœnpœtser)*

Ons gaan voort met ons reeks oor ikoonfoto's. Ons bedœling is om foto's te plaas wat om watter rede ook al besonder berœmd geword het. En wat moontlik selfs 'n invlœd op die verloop van sake kon gehad het. Ons verwelkom voorstelle in dié verband. Die foto hierby word beskou as die eerste foto met 'n mens op – die sluiterspœd was 'n hele 4 tot 5 minute!

The *Boulevard du Temple* photograph of 1838 (or possibly 1837) is one of the earliest surviving daguerreotype plates produced by Louis Daguerre. Although the image seems to be of a deserted street, it is widely considered to be the first photograph to include an image of a human.

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Eerstevlak-fotografiekursus

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Januarie en Februarie 2024. Kom leer hoe om jou kamera te hanteer en hoe om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**Plek:** Potchefstroom.

**Begindatum:** Die begindatum is DV Saterdag 20 Januarie 2024. Die verdere datums sal dan bespreek word om almal te pas.

**Tyd:** 09:00 tot 11:30.

**Prys:** R1 300, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R800 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Besonderhede:** Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**Samevatting van kursus:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspoed; ISO, beligting, ligmeting; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**Benodigdhede:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspoed, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**Kontakbesonderhede:** Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS vanaf Towerlantern

# Komende kursus: Gevorderdevlakkursus

Het jy onlangs die eerstevlakkursus afgehandel, of wil jy die rœs van ou kennis afkrap? Oorweeg dan om ons gevorderde kursus by te woon. Jy sal verbaas wees hœveel jy gaan leer.

Jy kan hierdie kursus direk dœn nadat jy die eerstevlakkursus afgehandel het. Daar kan selfs 'n mate van oorvleueling wees aangesien die tweede kursus by dieselfde onderwerpe begin as die eerste. Ons nœm dit want soms reken mense hulle mœt na die eerste kursus self eers œfen voordat hulle die volgende aanpak. Dit is egter 'n denkfout – die tweede is juis 'n inskerping van die eerste.

Die inhoud van die kursus kan soos volg saamgevat word:

- Komposisie en kleur
- Lig – en jou kamera
- Lig – jou kreatiwiteit en die kamera
- Van kreatiwiteit tot kunsfotografie
- Met kreatiwiteit na stillewefotografie
- Met kreatiwiteit na mens- en dierfotografie
- Met kreatiwiteit op reis
- Met kreatiwiteit na die natuur

Algemeen: Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

Vereistes: 'n SLR-kamera met verstelbare instellings word hoog aanbeveel. So ook 'n driepoot.

Aanvangsdatum: Die begindatum is DV 7 Februarie 2024.

Werkwyse: Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande.

Prys: R1 300, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R800 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

Kontakbesonderhede: Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Spesialiskursus

Ken jy jou kamera gœd, maar jy wil jou graag op bepaalde onderwerpe dieper ingrawe? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse vir jou.

Ons varieer die inhoud in 'n mate van jaar tot jaar. Vir 2024 beplan ons om tweemaandeliks aandag te gee aan 4 van die volgende genres:

- Natuurfotografie
- Nabyfotografie
- Mensfotografie
- Impressionistiese fotografie
- Kreatiwiteitsfotografie

Sou jy in hierdie sake belangstel, word jy uitgenooi om vir hierdie kursus in te skryf. Die verdere inligting is soos volg:

Algemeen: Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan die praktiese aspekte van hierdie genres.

Vereistes: 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

Aanvangsdatum: Die begindatum is DV 14 Februarie 2024.

Werkwyse: Die 8 klasse word gestruktureer as 4 dubbelmaand-geleenthede. By die eerste sessie word die onderwerp bespreek en prakties beœfen. By die tweede sessie word die student in 'n sekere mate aan hom-/haarself oorgelaat om tydens 'n drie uurlange fotosessie by drie verskillende terreine foto-opdragte uit te vœr.

Prys: R1 300, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R800 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

Kontakbesonderhede: Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za



# OP INTERNET GESIEN

Kyk hoe treffend is hierdie foto met sy enkele kleure en spesifieke beligting. Dit wys jou dat "minder" definitief "meer" kan wees. Die foto is geneem deur Carmen Porras Fernandez, *Minimalist Photography.*

# OP INTERNET GESIEN

Kyk om jou rond na die klein dingetjies. Hierdie skilderbont-rietpadda – wat 'n wonderlike Afrikaanse woord vir die Engels *painted reed frog* – in 'n speldekussingprotea mag dalk klein wees, maar die impak is groot! Die foto is geneem deur Rosie Greeff, en is gesien op Facebook, "Southern African Butterflies, Bugs, Bees and other small things".



# FOTO-
## idees

Idee 1: Kombineer verskillende tipes strukture, soos in die foto met 'n brug en geboue.





# FOTO-ideeë

Idee 2: Maak van strukture gebruik om 'n foto met lyne te skep.

Towerlantern Fotografie

- januarie 2024 -

# FOTO-*idees*

Idee 3: Benadruk strukture deur gebruik te maak van waterweerkaatsings.



# FOTO-*idees*

Idee 4: Neem 'n natuurstruktuur van naby of van ver af. Dink aan 'n hamerkopnes, ook 'n spinnekopweb.



*Towerlantern Fotografie*
- januarie 2024 -

# FOTO-idees



Idee 5: Sœk vreemde hœkpunte vir die neem van struktuurfoto's. Hierdie foto is geneem van 'n kruisvormige opening in 'n kerkmuur. Vergroot die foto om die binnekant van die kerk te sien.

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografiebelewenis met almal te deel.

Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

# Mini-galery

## GALERY VAN HETTIE ANTUNES, POTCHEFSTROOM

My reis met fotografie begin ná die Beginners- en die Gevorderde kursus van Towerlantern. Na aftrede het my pad na Noord-Kaap geloop, waar ons help met Wiskunde en Wetenskap. Ek was ook die nie-amptelike fotograaf van die grœp: om die interaksie met die onderwysers te beeldstaaf.

My voorkeure is sonsondergange (soos almal in Afrika!), die natuur en dan kultuur: ruïnes en "stories". En die Noord-Kaap bring sy eie bekoring: klippe, kokerbome en die mense. Die mense se diep afhanklikheid van God en die Oranjerivier het my diep geraak!

Blommekyk vorm deel van ons kort jaarlikse tœr. Dit was egter hierdie jaar koud en reënerig – 'n nuwe uitdaging vir fotograafvaardighede! Ons het onder andere Alexanderbaai vir die eerste keer besœk – 'n amper verlate plek, maar met sy eie bekoring.

Ja-nee, my Canon verskaf vir my ure se ontspanning en genot!



Lekkersing, Richtersveld, Noordkaap

Hettie Antunes



Aandskemering naby Upington (met *Khi Solar One* toring op horison)

Hettie Antunes



Blomvelde uit 'n ander hœk

Hettie Antunes



Trietsig maar kleurvol

Hettie Antunes



Naby Port Nolloth hierdie ou dingetjie raakgeloop

Hettie Antunes



'n Riller uit Alexanderbaai

Hettie Antunes

*advertensie*




# *Gereed vir* **2024?**

Koop die ontwerp vir die 2024-dagbœk, en laat druk dit self uit.

Hierdie dagbœk is ideaal vir iemand wat daarvan hou om te beplan:

- Genœg spasie by elke dag vir afsprake en notas
- Weekplan met
  - ✓ Spyskaart
  - ✓ Oefenplan
  - ✓ Inkopies
- Maandkalender
- Jaarkalender

Kyk by www.colourcode.co.za/shop.html vir nog foto's.

Stuur 'n Whatsapp na 076 391 7578 (Fransa) om die digitale ontwerp te bestel.

## FOTOGRAFIENUUS BRONNELYS:

Kunsmatige intelligensie:

- https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_artificial_intelligence
- https://shorturl.at/nwBMU

Ikoonfoto's:

- https://en.wikipedia.org/wiki/Boulevard_du_Temple_(photograph)